# Die sogenaamde "drieledige" bestaan van die mens (gees, siel en liggaam) en die skeefgetrekte Genadeverbond-Bewakers.

"Gees, siel en liggaam" is `n uitdrukkingswyse wat aan ons almal bekend is. Die gemiddelde Christen is opgevoed om hierdie beskrywing van ons bestaan te begryp as die totaliteit van menswees. Maar hierdie baie simplistiese ontleding van ons uniekheid as mens, het dan nie sy geestelike dimensie vrygespring nie. Vandag, en veral met die "genade" boodskap in gedagte, word hierdie driehoekbestaan veral by die mens se verhouding met Sy Skepper betrek.

Nou sonder om te wetenskaplik op hierdie saak te wil ingaan, kom ons vereenvoudig die saak kortliks. "Gees" en "siel" kry soms een-en-dieselfde betekenis omrede beide "faktore" onsienlik is en omrede dit met ons geestesbestaan te make het (moontlik beter beskryf as geesbestaan, dit is binne die mens maar tog nie as `n persoon binne die mens nie). Dit is nou teenoor die mens se liggaamlike, fisieke bestaan wat gewoonlik aan sy fisiologies-biologiese bestaan gekoppel word.

Tog is "gees" en "siel" ook verstrengel met die mens se liggaamlike bestaan en om hierdie rede funksioneer die mens volgens die sielkunde as `n psigo-biologiese eenheid. Die mens is dan "gees", "siel" en "liggaam" anders sou die mens sy mensheid verloor. Ek is dan vanaf my konsepsie `n mens en nie `n dier nie. En as ons hierdie stelling in die Woord wil vasmaak, behoort ons ons seker eerstens tot die kontemplerende Job te wend wie baie duidelik "gees" aan die mens koppel maar "siel" aan beide dier en mens.

Die "siel" (die nefesh) van die mens is nou wel nie fisies ontleedbaar soos wat die liggaam van die mens dit wel is nie, tog is "siel" deur en deur deel van die liggaamlike van die mens omrede die siel van die mens sonder die liggaamlike bestaan van die mens nie eintlik `n bestaansreg het nie. As ek dit ten minste so kan stel, net om sake te vereenvoudig.

Die siel is dan wel daardie komponent wat volgens die vyf boeke van Moses aan "lewe" en baie duidelik aan veral die bloedsisteem - die draer van lewe - gekoppel kan word. Nou, sonder om in diepte in te wil gaan op die baie belangrike bloedsisteem van veral die mens, ook die unieke eienskappe van bloed sodat bloed selfs vanuit die aarde kan "roep" - forensiese toetse kan byvoorbeeld bloedvergieting lokaliseer, dit is met behulp van spesiale wetenskaplike tegnieke - kom ons bepaal ons maar by die algemene beskrywing van die mens se bloed, naamlik dat geen mens sonder `n gesonde bloedsisteem behoorlik kan funksioneer nie. Dieselfde geld vir die diereryk en om hierdie rede behoort ons ons te kan vereenselwig met dit waarvan ons in die Ou Testament veral lees, en dit is dat die "siel" (die lewe) in die bloed van die mens is (Lev/Eks).

Om hierdie rede mag die mens op God se voorskrif nie bloed drink nie en ons behoort dan aan God, wie die Skepper van alles is, die nodige eer te bewys deur om Sy voorskrifte te respekteer. God het dan `n goeie rede gehad waarom Hy hierdie spesifieke voorskrif aan die mens voorgehou het en ons behoort dan te kan aanvaar dat dit tot ons voordeel strek as ons God sou gehoorsaam, dit is nou met betrekking tot hierdie netelige saak.

Alhoewel die "siel" van die mens onsigbaar is, leef ons omdat ons die komponent van God se samestelling van die mens in ons liggaamlike dra. Maar tog kan ons, ook hier, nie die siel beskryf asof die siel `n mens binne die mens is nie! Die tipe benadering behoort tog logies vir ons te wees en dit is dan vir die algemene mens genoegsaam om te kan besef dat "lewe" ons aan die gang hou tot en met ons afsterwe en wanneer beide mens en dier leweloos is en inderdaad uit die samelewing sal verdwyn.

Die wyse Salomo het weereens vir ons in sy Prediker-boek `n goeie brokkie weldeurdagte, Godgeinspireerde boodskap nagelaat, naamlik dat die gees by die dood terugkeer tot God en natuurlik ook dat mens en dier op een-en-dieselfde wyse te sterwe kom. (Daar is natuurlik ook `n mening dat gees en siel vereenselwig kan word maar Paulus verwys in sy geskrifte na "gees, siel en liggaam").

Maar tog rus dit wat ons "lewe" noem, op komplekse beginsels, samestelling en funksionering en om hierdie rede verklaar God aan sy profeet (Esegiel) : "Luister (=na God se opdragte) en jou siel sal lewe!"

God wil dan, via gehoorsaamheid aan Hom as Skepper, ons aardse bestaan vergroot/verleng, met ander woorde Hy wil ons so graag oorhaal tot `n lewe wat nie volgehoue deur die dood vasgehou sal word nie, dit is met ander woorde dat God ons graag wil toerus met ewige voortbestaan in Hom (=onsterflikheid) en dit verkry ons natuurlik onder die Ou Testament via volkome (!) gehoorsaamheid aan God maar onder die Nuwe Verbond het ons natuurlik die ewige verlossing deur Jesus Christus AS ons in gehoorsaamheid aan God sou wandel.

God se vereistes het dan nie vanaf die oue na die nuwe verander nie maar deur die Kruis van Christus word ons in staat gestel om dit wat vir die mens onmoontlik is, deur Christus se soendaad aan die Kruis deelagtig te kon word. Jesus het dan die prys tot verlossing vir ons volledig betaal maar Hy het nogtans aan die mens voorgehou dat hy met sy sondige dade moet breek, dit is om deel te kan he aan die opstanding uit die dood - dit wat die mens in die ligkring van ewige voortbestaan (onsterflikheid) sou bring.

Romeine 6 behoort dan vir ons baie duidelik te wees naamlik dat, net soos wat God in die Ou Testament die mens oproep tot volle gehoorsaamheid aan hom, sodat sy siel kan voortlewe en om dan nie deur die dood verslind en vernietig te word nie, op dieselfde wyse moet die gelowige, dit is onder die Nuwe Verbondbedeling, gehoorsaam aan God wees, en dit is om sy sonde en sondige bestaan op hierdie aarde (wat aan die mens se siel gekoppel is, dit is aan sy menslike lewe) af te le (Gal. 5).

Sou die mens, selfs onder die sogenaamde "Genadeverbond" dan in sonde bly voortlewe, beroof die mens HOMSELF van God se genadewerk aan die kruis, dit is deur Sy Seun wie juis in die wereld gekom het om die mens te red van slawerny aan sonde (Jn 3.16; 1 Tim. 1.15).

Ons behoort dan uit hierdie bondige beskrywing te kan sien dat God nie die mens van sy verantwoordelikheid onthef het nie, dit is onder die "Genadeverbond" om net te kan sondig soos wat hy wil nie. En dit is natuurlik hier waar valse belydenis teenoor waaragtige, Skrifverbonde waarheid opgeweeg moet word.

AS ons die Woord dan reg sou interpreteer, sal ons siel inderdaad kan LEWE omrede ons ons dan onderwerp aan God se voorskrifte, dit is teenoor daardie Christen wat die Skrifte volgens eie goeddunke interpreteer.

Die mens moet dan, selfs onder die Genadeverbond, sy lewe (=sy siel) aan God oorgee want dit is die enigste waarborg wat die mens het om deel te kan he aan onsterflikheid (dit wat Christus volgens Paulus se evangelie alleenlik op die oomblik deel aan het, dit is teenoor ons wie in Hom glo maar wie nog aan die dood onderworpe is tot en met Sy wederkoms en wanneer Hy ons sal opwek uit die dood om "vir altyd" saam met Hom kan te wees en wel dan bestaande in `n onsterflike liggaam. So sal ons dan deel kan neem in God se ewige heerlikheid!

Ons kan maar net Paulus se Timotheus-briewe raadpleeg in hierdie opsig, asook sy baie belangrike vroegste Tessalonisense briewe.* Dit is veral in laasgenoemde briewe waartydens Paulus se aanslag vanuit die Gnostieke sektes (ook die Esseners) verhoog het en dit het hom natuurlik genoodsaak om belangrike onderwerpe soos o.a. die "wederkoms" aan te spreek.

Die mens ontvang dan onsterflikheid vanaf God en hy neem deel aan hierdie heerlikheid, dit is Saligheid deur gehoorsaamheid aan God se Seun omrede LEWE in Christus gesetel is (1 Jn 5.12). Ons moet dan SELF sorgdra dat ons, deur gehoorsaamheid, onsself aan God onderwerp sodat ons siel kan LEWE!

Hier behoort ons "lewe" aan sy vergrote vorm te heg, met ander woorde, deur die wedergeboorte ontvang - dit is dan daardie spesiale geestelike dimensie wat ons betree en wel deur die Genadeverbond wat Christus vir ons gesluit het op Golgotha. Maar eers na die opstanding uit die dood, ontvang ons die ewige lewe saam met Christus. Ons gaan dan nie outomaties by die dood oor tot `n ewige voortbestaan nie (al dra ons ook die saad van goddelike lewe na ons wedergeboorte in ons!!) andersins maak ons die opstanding uit die dood tot niet (1 Thes. 4; 1 Kor. 15).

Maar nou kom die groot vraag: Wat stel die mens in staat om te kan begryp en om dan sodoende God se

opdragte te kan verstaan? Wat stel die mens in staat om enigsins oorweging te kan skenk aan dit wat God van hom verlang om te kan lewe? Met ander woorde, om ons "siele" spreekwoordelik in besit te kan neem, dit is om self sorg te kan dra en verantwoordelikheid te kan neem vir ons deelname aan die saligheid?

Ons "gees" komponent! Dit wat die mens volgens Job uniek besit, met ander woorde wat die mens bo die diereryk verhef en wat die mens dan ook in staat stel om abstrak te kan dink en te redeneer, om te kan roem in "intellek", "wyse begrip", "insig" , "verstand", ensovoorts.

Die mens is dan inderdaad God se hoogste skepping en om hierdie rede het Jesus aan die kruis gesterwe sodat die mens verlos kon word uit die mag van die Duisternis en sodat God deur die mens kan optree (kan regeer), dit is sodat God se skeppingsdoel en plan tot volmaaktheid herstel kon word met betrekking tot die mens.

Dit wat die mens dan deur ongehoorsaamheid verloor het in die Tuin van Eden, was vir die mens herwin op Golgotha, maar dit bedoel geensins dat die mens net outomaties op "Genade" kan steun asof die mens van al sy verantwoordelikheid onthef is nie (met ander woorde, die mens moet nogsteeds deur gehoorsaamheid aan God en Sy voorskrifte gelei word want God se Woord, Ou en Nuwe Testament, bly die heilige kompas waarvolgens God altyd sal optree - omrede die Saligheid volgens Jesus uit die Jodendom is en om hierdie rede moet ons wel van hulle geskrewe, heilige geskrifte (die Ou Testament) notisie neem.

Wat ons wel vryelik (=dit is sonder prys en opoffering van ons kant af) ontvang het onder die Nuwe Verbond bedeling (=die "Genadeverbond") is dat Jesus die prys (ons skuld) volkome betaal het op Golgotha en deur Sy bloedoffer het Hy ons in staat gestel om nader te kom en van God uit genade te kan ontvang - die skeidsmuur tussen ons en God was dan afgebreek deur die Kruis en waar sonde die mens van God geskei het, het Christus hierdie gaping/verwydering/afstand tussen God en mens deur Sy Kruisdood eens en vir altyd namens ons/ten behoewe van die mens oorbrug. Sedert die Kruisdood van Jesus kan ons dan direk via Jesus tot God se troon nader (Heb 4).

Ons kan dan nou, met watter oortreding ookal in ons liggaam - dit wat met ander woorde aan die siel van die mens, dit is ons lewe, kleef - na Jesus toe kom in vrymoedigheid MAAR dit beteken nie dat ons in die sonde kan bly voortbestaan asof ons die sonde waarin ons lewe, dit is bedoelend volgens die voorskrifte van die Woord aan ons uitgespel, deur ons geloof in Jesus kan ignoreer nie, en so asof Jesus dit "uit genade" , en outomaties, `n "blind eye" sal gee nie!

As ons hierdie tipe aanname sou glo, maak ons die Kruis en die verlossingwerk wat aan die Kruis gekoppel is, `n bespotting! Ons maak dit inderwaarheid tot niet net omdat ons ons eie geloof wil skep deur ons eie herinterpretasie van die Skrifte.

Ons skep dan met ander woorde `n geloof wat by ons eie verklaring van die Skrifte inpas maar wat ons dan eintlik doen, is om onsself te mislei en ons siel (ons lewe) sal dan noodwendig aan die dood gekoppel wees omrede Paulus baie duidelik vir ons verklaar dat die "loon van die sonde is die dood maar.... die genadegawe van God... (verklaar hy terselfdertyd) "... is die ewige lewe!" (en wat dan glad nie outomaties tot ons kom nie want dan maak ons die doel waarvoor Christus gesterwe het, tot niet! Dit is om ons te bemagtig om die sonde te kan oorwin!

Christus het dan nie gesterwe om sonde en sondige dade te kondoneer nie maar Hy het aan die Kruis die volmaakte offer gebring sodat ons nou met vrymoedigheid na God die Vader deur Sy ewige Hoepriester kan gaan (Heb. 7, 10; 4).

Die almagtige God het dan die "gees" komponent volgens Job uitsluitlik aan die mens gegee en omrede God die mens met hierdie "gees"-beginsel toegerus het, kan God wel volkome gehoorsaamheid van die mens eis en veral na die Kruisdood van Jesus en toe God ons gewete wakker gemaak het deur die bloedoffer van Sy Seun (Paulus se Hebreerbrief is duidelik op hierdie punt)!

Omrede die mens dan wel kan begryp wat God met "sonde" bedoel, dit is selfs deur sy natuurlike

bevattingsvermoe - God se voorskrifte is tog voor-die-handliggend - kan God op regverdige (!) wyse van die mens eis om sy sonde af te le en sodat hy verlos kan word, deur Christus se Kruisdood, dit is van sy sondige natuur en verbondenheid aan die sonde om sodoende, deur Christus, se genadewerk aan die Kruis, wel rein voor God te kan lewe! Dit is tog wat die apostel Johannes vir ons in sy pastorale brief verklaar, en wat ons dan inderdaad oorwinnaars in Christus maak (1 Jn 1).

Dit is op hierdie wyse wat die mens sedert die kruisdood van Jesus oorgeplant word in die Koninkryk "van die Seun van God se Liefde"! (Paulus). Deur die Kruisdood word die mens in staat gestel om nie net te weet dat hy God deur sondebedrywing mishaag nie, maar God het dan inderdaad die mens in staat gestel om die sonde wel af te kan le as ons deur Jesus tot God sou kom!

Die mens is dan drieledig verantwoordelik vir sy voortbestaan in Christus: (1) Gees, (2) Siel en (3) Liggaam. Die mens kan dan nie in sy liggaam sondig en dink dat die siel en die gees nie daardeur geraak word nie want om hierdie rede skets Paulus baie duidelik vir ons veral die owerspelige wie juis sy siel kontamineer (=sy lewe) omrede hy deur sy "gees" (=sy verstand) God se voorskrifte rasionaliseer. Maar alle sondes raak die mens in totaliteit!

Die rasionaliserende mens oortuig homself dan ook op distorsiewe wyse dat God nie eintlik bedoel wat Hy in Sy heilige Skrifte verklaar nie en wat hy dan eintlik met hierdie tipe verontskuldiging doen is om God oor sy eie lewe te speel - Hy word dan God wat die reels neerle en hierdie tipe redenasie is eg gnostiek. Hy verwerp dan God se voorskrifte om hierdie rede en hy verdraai dit om by sy eie situasie in te pas - dit is rasionalisering.

Wat God, die ALMAGTIGE, dan noodwendig sal moet doen - sou hierdie tipe situasie manifesteer - is om die mens oor sy sonde aan te spreek want God IS ALTYD GEKOPPEL AAN SY GESKREWE WOORD! Dit is Sy Woord wat NOOIT LEDIG na Hom toe sal terugkeer nie!! En om hierdie rede is God altyd die onveranderlike God!

Ons kan dan nie net die Nuwe Verbond-beginsels lees nie en deur `n Genade-bril wat onsself vir ons opmaak en so asof God se voorskrifte wil herdefinieer nie. Hou ook in gedagte dat die gnostiese leraars die Ou Testamentiese God verag het (Hy was te streng vir hulle teen sonde en om hierdie rede het hulle verkondig dat sonde nie vir hulle bestaan het soos wat dit wel vir `n ware eerste eeuse Christen aan die hand van die Skrifte sou bestaan het nie!).

Die mens sondig dan gees, siel en liggaam en veral as hy seksuele sonde sou bedryf, en in besonder owerspel maar ook daardie tipe seksuele sondes wat God se skeppingsorde negeer, soos wat dit inderdaad die geval is met homoseksualisme - as ons ten minste eerlik voor God wil wees en nie sal toelaat dat ons God se voorskrifte rasionaliseer net om by ons eie persepsies in te kan pas nie.

ALLE seksuele sondes moet natuurlik in dieselfde lig veroordeel word (=die daad wat deur God afgewys word in Sy Woord, Ou en Nuwe Testament, moet dan verwerp word andersins sondig ons teen God wie die opdragte aan ons gegee het!) En dit is die betekenis van BEKERING!

Biseksulaiteit is ook homoseksualisme - `n man slaap tegelykertyd by sy vrou maar ook by `n man en dieselfde geld vir vroue - of dan ten minste periodiek. Homoseksualisme tree, soos alle seksuele sondes, na vore in die pleeg van `n tipe seksuele daad wat nie slegs bedink word nie - iets wat wel op sigself sondig is - maar wat ten uitvoer gebring word en sodoende die sondige daad vergroot.

Ons as Christene is nou wel nie geroep om homoseksueles te veroordeel en in die mate dat ons sou voel dat hulle geen reg op die Kruis en God se genade meer het nie, maar ons kan ook nie volgens die heilige Skrifte hierdie tipe seksualiteit kondoneer nie.

Om hierdie rede moet ons juis die Genadeverbond in werking stel, naamlik om te verkondig dat Christus gekom het om sondaars tot bekering te roep! By die Kruis is daar verlossing en verlossing bedoel dat God ons "inside out" kan verlos en sodat ons tot Sy eer kan lewe EN daarby die ewige lewe IN EN DEUR HOM wie sonder

sonde was te kan ontvang (Heb. 4).

Niemand mag dan ooit hardvogtig of selfs gewelddadig teenoor enigeen (!) optree nie maar ons is wel verplig om God se Woord tydig en ontydig te bring, naamlik bekering en aflegging van sonde. Sodoende help ons om siele na Christus toe te lei en om oorvloedige lewe in Hom deelagtig te kan word.

Deur gehoorsaamheid aan God en Sy voorskrifte MOET ons dan ons siele in besit neem (moet ons sorgdra dat ons God sal behaag en sodat ons siel sal kan lewe!) Jesus verklaar nie verniet nie: "Stry hard om in te gaan!" Paulus weer wys ons daarop dat ons ons tempels waarin God met sy Gees woon, moet skoonmaak want God en sonde gaan nie saam nie - al sou ons hoe graag ookal wil roem in "genade"!

God kan en sal nie Sy geskrewe Woord ooit verloen nie (ontken nie) Deur gebed, selfs vaste te doen, kan en sal ons deur Christus se genade kan oorwin AS ons God enigsins wil behaag! Ons dien tog inderdaad `n wonderwerkende God, nie waar nie? En dit is juis sondaars wat Jesus na die Kruis toe roep! (1 Tim. 2.5). Dit is tog by die Kruis waar ons ons las van sonde kan aflaai!

God sal dan alle sondes wat die mens doen, as `n geheel sien en om hierdie rede moes Christus in sy volle liggaam aan die kruis vir ons sondes sterwe (Jes. 53). Jesus se gees het Hom dan nie aan die kruis verlaat toe Hy daar in smarte gehang het om vir ons die prys tot volkome (!) verlossing te betaal nie! Hy het in Sy heilige liggaam (=totaal aan God toegewyd, Heb. 4) vir ons gees, siel en liggaam die volmaakte bloedoffer gebring.

En om hierdie rede moet ons drieledig verlossing deelagtig word (=dit is in ons liggaam, siel en gees). Die geskape mens funksioneer dan inderdaad as `n psigo-biologiese eenheid en hy word op dieselfde wys gered (verlos uit die mag van satan).

Dit is gnostiek as ons bely dat ons owerspel kan pleeg en om dan net te aanvaar dat ons gees en siel nie daardeur geraak word nie! Dit is uiterste rasionalisering om so te redeneer en veral met betrekking tot daardie dinge wat inderdaad deur God se Woord verwerp word! Diegene wat dan IN CHRISTUS is (!!) vir hulle is daar geen veroordeling meer nie.

Wees dan bedag daarop om nie hierdie teks ook te rasionaliseer net om sonde en `n sondige bestaan goed te keur nie!! God laat Hom nie bespot nie maar God verlang van ons om Sy Woord in konteks te lees en om dit nie te rasionaliseer asof ons God se goedkeuring het om die Skrifte te herverklaar net om by ons sondige lewenswandel in te kan pas nie!

Die wie IN CHRISTUS bly sal nie in die sonde voortbestaan nie (1 Jn 1). Die sonde moet dan doelbewustelik afgele word omrede sonde ons gees, siel en liggaam van God skei.

Daar is ook dan geen bewys hoegenaamd dat die mens as drie afsonderlike kompartemente sy bestaan voer nie. Dit is skisofrenies want net `n multipersoonlikheid kan nie verantwoordelikheid dra vir die "ander" person in hom/haar nie (n skisofreniese, meervoudige persoonlikheid sal nie bewus wees van sy/haar kollektiewe optrede nie omrede so een tussen alternatiewe persoonlikhede fluktueer). "Gesonde" en "normale" persone neem verantwoordelikheid vir hulle optrede!

Mag Jesus Sy liggaam verlos van al die drogredes wat nou op die liggaam van Jesus toesak - dit is sedert die psigotiese "Torronto Blessing" manifestasie. Dit is die vrugte van New Age waarteen ons sal moet waak - wat die Genadeverbond tot uiterstes toe rasionaliseer.

Daarom : Neem verantwoordelikheid vir jou sonde en sondige bestaan en bely voor God en mens sodat verlossing optimaal op jou lewe kan deurwerk! "Daar is nou geen veroordeling vir hulle wat IN CHRISTUS (!!!) is nie (Paulus) en die wat IN CHRISTUS is (Johannes) bly nie in die sonde nie!

---

*Daar is geen noemenswaardige bewyse dat Paulus se Tessalonisense briewe onwaarheid bevat nie en om hierdie rede moet ons veral waak teen die New Agers onder die sogenaamde "Genadeverbond" bewakers wat die wegraping verwerp net omdat hulle die "Wederkoms van Jesus" nie in konteks kan plaas nie. Christus kom terug as Regter (Hand. 10) en om hierdie rede moet ons ons saligheid met vrees en bewing uitwerk (Paulus).

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com

Desember 25, 2014